# Les 6 ONS HET DIE HEILIGE GEES ONTVANG OM ONS MET JESUS CHRISTUS TE VERENIG

## 1. <u>Elke Christen het die gawe van die Heilige Gees van Christus ontvang</u>

Kom ons lees twee teksgedeeltes saam:

Johannes 1:32 – 34:

*"32 Verder het Johannes getuig: "Ek het duidelik die Gees soos 'n duif uit die hemel sien kom, en Hy het op Hom gebly. 33 Ek het self ook nie geweet wie Hy is nie, maar God wat my gestuur het om met water te doop, het vir my gesê: 'Die Een op wie jy die Gees sien kom en bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop.' 34 Ek het dit self gesien en daarom getuig ek: Hy is die Seun van God." 35 Die volgende dag het Johannes weer daar gestaan, met twee van sy volgelinge by hom. 36 Toe Jesus verbyloop, het Johannes stip na Hom gekyk en gesê: "Dáár is die Lam van God!"*

Johannes 20: 19 – 23:

*"19 Daardie Sondagaand was die dissipels bymekaar. Alhoewel die deure gesluit was omdat hulle bang was vir die Jode, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en vir hulle gesê: "Vrede vir julle!" 20 Nadat Hy dit gesê het, wys Hy sy hande en sy sy vir hulle. Die dissipels was baie bly toe hulle die Here sien. 21 "Vrede vir julle!" sê Hy weer vir hulle. "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook." 22 Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: "Ontvang die Heilige Gees! 23 As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie."*

Johannes die Doper was die eerste predikant wat mense met water gedoop het soos ons gedoop is. Die kerk doop 'n mens met water om mense te merk met 'n teken. Hierdie teken wys vir ons op wat Jesus vir ons gedoen het.

Kyk wat doen Jesus met sy dissipels in Johannes 20 vers 22! Hy gee aan hulle die gawe van die Heilige Gees.

Dit is wat die waterdoop beteken waarmee die kerk mense doop – dit is 'n teken wat wys dat Jesus Christus aan ons die gawe van die Heilige Gees gegee het.

Elke Christen het hierdie gawe van Jesus Christus ontvang: die gawe van die Heilige Gees. Jou waterdoop wys vir jou dat Christus jou met die Heilige Gees gedoop het!

## 2. <u>Hier op aarde is ons een met Jesus, al is Hy in die hemel</u>

Kom ons kyk wat leer die Here ons in Johannes 14!

*"15 As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer. 16 Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, 17 naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en*

*Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.* [18] *"Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.* [19] *Nog net 'n klein rukkie, en dan sien die wêreld My nie meer nie, maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe.* [20] *Daardie dag sal julle weet dat Ek in my Vader is en julle in My en Ek in julle."*

Kyk wat sê die Here in vers 18 vir sy dissipels: Hy sal hulle nie as weeskinders agterlaat as Hy hemel toe gaan nie, en Hy gaan net 'n rukkie weg wees, dan sal hulle Hom weer sien.

Hoe sal hulle Hom weer sien as Hy hemel toe gaan? Só – *"daardie dag sal julle weet dat Ek in my Vader is en julle in My en Ek in julle."*

Dit is die geheim om Jesus weer te sien: om te weet dat ons in Hom is en Hy in ons! Syne is myne, en myne is syne. Wat sien ons as ons dit weet? Ons sien Jesus!

Dit is die wonderwerk wat met Jesus se hemelvaart gebeur. Hy is in die hemel. Ons is op die aarde. Maar terwyl ons hier op die aarde is, deel Hy hier op die aarde met ons alles wat Hy as mens is. Daarom sê die Here ons is nie weeskinders nie. Hy het ons nie uitgelos toe Hy hemel toe is nie.

Hy is een met ons, al is Hy mens in die hemel en ons mense op aarde. Hierdie eenheid beteken dat ons in sy menswees deel hier op aarde. Daarom sê die Here dat ons in Hom is en Hy in ons is.

### 3. <u>Ons moet sy liggaam eet en sy bloed drink</u>

Ons eenheid met Jesus is werklik met Hom as 'n mens. Kyk hoe stel Jesus dit self in Johannes 6:

*"*[47] *Dit verseker Ek julle: Wie in My glo, het die ewige lewe.* [48] *Ek is die brood wat lewe gee.* [49] *Julle voorouers het in die woestyn manna geëet en tog gesterwe.* [50] *Maar hier is die brood wat uit die hemel kom sodat 'n mens daarvan kan eet en nie sterwe nie.* [51] *Ek is die lewende brood wat uit die hemel gekom het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy ewig lewe. En die brood wat Ek sal gee, is my liggaam. Ek gee dit sodat die wêreld kan lewe."* [52] *Die Jode het toe onder mekaar begin stry en gesê: "Hoe kan hy sy liggaam vir ons gee om te eet?"* [53] *Maar Jesus sê vir hulle: "Dit verseker Ek julle: As julle nie die liggaam van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle nie die lewe in julle nie.* [54] *Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan.* [55] *My liggaam is die ware voedsel, en my bloed is die ware drank.* [56] *Wie my liggaam eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom.* [57] *Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur Hom lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe.* [58] *Hierdie brood wat uit die hemel gekom het, is nie soos die manna wat julle voorouers geëet het nie. Hulle het dit geëet en tog gesterwe. Wie hierdie brood eet, sal ewig lewe."* [59] *Dit het Jesus gesê toe Hy die mense in die sinagoge in Kapernaum geleer het.* [60] *Toe hulle dit hoor, het baie van Jesus se dissipels gesê: "Wat Hy nou sê, is darem te erg. Wie kan daaraan gehoor gee?"* [61] *Jesus het vanself geweet dat sy dissipels hieroor mor, en Hy sê vir hulle: "Skrik dit julle af?* [62] *Wat dan nog as julle die Seun van die mens sien*

*opvaar na waar Hy voorheen was? [63] Dit is die Gees wat iemand lewend maak; die mens self kan dit nie doen nie. Wat Ek vir julle gesê het, kom van die Gees en gee lewe."*

Wat is die geestelike kos wat God ons gee wat ons geestelik laat lewe? Die liggaam van Jesus! Ons moet sy liggaam eet en sy bloed drink!

Wat beteken dit? Wat gebeur as jy brood eet en water drink? Dit word deel van jou eie liggaam. Jou liggaam vat die brood en maak die brood deel van jou eie liggaam. So ook met water. Hierdie brood word deel van jou liggaam se bene en vleis – al die voedingstowwe word deur jou liggaam opgeneem sodat alles wat brood was, nou jou liggaam is. Net so met die water – jou liggaam neem die water op en nou is hierdie water deel van jou bloed en liggaamsvloeistowwe.

Dit is presies wat tussen ons en Jesus gebeur. Sy liggaam en bloed beteken dit wat Hy as mens is – word so deel van ons dat ons een is: Hy is in ons en ons is in Hom. Al is Hy in die hemel en ons op die aarde.

Dit het die mense laat dink Jesus praat twak. Só iets is nie moontlik nie. Kyk wat sê die Here in vers 62 en 63 hoe gebeur dit werklik met ons en Hom:

*"[62] Wat dan nog as julle die Seun van die mens sien opvaar na waar Hy voorheen was? [63] Dit is die Gees wat iemand lewend maak; die mens self kan dit nie doen nie. Wat Ek vir julle gesê het, kom van die Gees en gee lewe."*

Wie verenig ons met Christus as mens in die hemel op só 'n wyse dat syne myne is en myne syne? Die Gees wat die Here as gawe aan Christene gee.

## 4. Die Heilige Gees verenig ons met Christus in die hemel

Wat doen die Heilige Gees met ons? Kom ons kyk weer na Johannes 14:

*"[16] Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, [17] naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees."*

Ons ken die Heilige Gees. Ons het Hom ontvang. Hy bly in ons en met ons. Hoe bly die Heilige Gees by ons en met ons? Só: syne is myne en myne is syne.

Dit is hoekom ons julle met water gedoop het – om vir julle 'n teken te gee dat Jesus Christus julle met die Heilige Gees gedoop het. Dit beteken dat die Heilige Gees ons werklik inlyf en deel maak van die menswees van Jesus hier op aarde – al is Jesus as mens in die hemel.

## 5. Ons eenheid met Jesus is ons geestelike kos en drank

Jesus sê dat sy liggaam en bloed – dit is wat Hy as mens in die hemel is, ons geestelike kos en ons geestelike drank is.

Wat maak kos en drank?

Dit gee ons krag en laat ons leef. Ons haal asem, dink, werk, loop en praat omdat ons eet en drink. As ons nie eet en drink nie, sal ons niks kan wees en niks kan doen nie.

Wat gee ons die krag om God en ons naaste lief te hê? Wat gee ons die krag om weer God se gebooie te gehoorsaam?

Jesus se liggaam in die hemel – wat deur die Heilige Gees deel is van ons eie liggame op aarde: Syne is myne en myne is Syne.

| |
|---|
| Dit is wat ons hierdie hele jaar saam gaan ondersoek: hoe is Jesus se liggaam en bloed ons geestelike kos en drank? |

## 6. Bygeloof draai alles om – een met God

Bygeloof draai die geloof onderstebo. Hulle doen dit ook met ons vereniging met Jesus in die hemel. Ons word met Jesus verenig sodat ons een met Hom is in alles wat Hy as mens vir ons is.

Wat gebeur in bygeloof? Hulle maak asof ons verenig word met God, sodat ons een is met alles wat God is en wat God doen.

Daarom glo hulle dat ŉ mens ŉ Christen kan wees sonder die doop en gawe van die Heilige Gees. Hulle glo dat ŉ mens eers in Jesus glo en later met die Gees gedoop of vervul word.

Hoe kry hulle dit reg? Hulle glo dat die Gees ons een met God maak sodat alles van God, myne word.

Wat noem ons hierdie geloof dat ŉ mens verenig wil wees met God en soos God wil wees?

Kyk na Genesis 3:

*"Die slang was listiger as al die wilde diere wat deur die Here God gemaak is en het vir die vrou gevra: "Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?" 2 Die vrou het die slang geantwoord: "Ons mag eet van die vrugte van die bome in die tuin. 3 God het net gesê ons mag nie eet van die vrugte van die boom in die middel van die tuin nie en ons mag dit nie aanraak nie, want dan sterf ons." 4 Toe sê die slang vir die vrou: "Julle sal beslis nie sterf nie, 5 maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken."*

Wie leer ons dat ons met God verenig word en dan alles wat Hy is, met Hom deel? Dit is die duiwel self! Hierdie vereniging met God, noem die kerk **sonde**!

## 7. Opsomming

Ons is gedoop met water sodat ons kan sien en weet Jesus Christus het ons met die Heilige Gees gedoop. Wat doen die Heilige Gees met ons? Hy verenig ons met Jesus as mens in die hemel sodat alles wat Jesus as mens vir ons is, ons eie is en deel van ons is hier op die aarde. Die Heilige Gees maak hierdie wonderwerk in my lewe waar: syne is myne en myne is syne – al is Hy mens in die hemel en ek mens op die aarde. Hierdie vereniging met die Here se liggaam in die hemel, is ons geestelike kos en drank.

In bygeloof word alles omgedraai – hulle glo Jesus het ons kom verenig met God sodat alles wat God is, ook binne-in my is. Ons noem dit sonde.